

Sebastjan en Suzette (Ferreira) Kocijancic



NOU'S ONSIEEN

'n Ontmoeting teen die Oostenrykse ski-hange, 'n verlowing op Stilbaai en ewige trou tussen die Stellenbosse berge ... dis Sebe en Suzette se storie

Foto's DNA Photographers

Hulle het afgewyk van tradisie en voor die formele seremonie hul gaste met vonkelwyn en canapés langs die swembad verwelkom. Dit was op 22 Maart 2014 by Clouds Estate, naby Stellenbosch. 'n Vrolike fotosessie het gevolg voordat die bruid wegglip het om haar vir die groot oomblik gereed te maak

Terwyl Sebe en Suzette hul huweliksbeloftes in 'n intieme opelug-seremonie

voor hul 19 gaste afgele het, het die son gesak. Daarna is daar tot laat partytjie gehou. Sebe is Slowenies van geboorte en het in Wallis grootgeword. Die bruidspaar woon in Londen. Die aand voor die troue, tydens 'n informele ete met hul gaste, het Suzette Sebe verras met video-boodskappe van vriende wat nie SA toe kon kom nie. Sy is 'n arbeidsterapeut en hy instrukteur in hoogteveiligheid en reddingswerk.

FOTO'S Alles by die buitelug-trouseremonie was wit, tot die sonbrille vir die gaste. Die kroeggedeelte naby die swembad waar hulle vroeër die gaste verwelkom het, is kleurryk met inheemse blomme versier. Hier het Suzette 'n kort Aloise-rok met 'n vol tulleromp gedra by groen hakskoene. Sebe se knoopsgatruiker was 'n goue knoop met resiesperdlint, knoffelblomme en katstertsteeltjies.





Trourok Suzette se trourok vir die formele seremonie was 'n Maiden-rok van Suzanne Neville London. Die sagte, vleiende swaelstert-rok is gemaak van vintage- Franse chantilly-kant oor satyn-crêpe, met kantdetail op die skouers en 'n lang kantsleep. Suzette het op Kimberley skoolgegaan en is in 2005 oorsee. Blomme Haar handruiker het dramaties van haar hande getuimel. Geurige blomme soos ruinrose, kruisementblomme, pers salvia (salie), eksotiese oranje tulpe en dendrobium-orgideë is gebruik. Die loof was onder meer katstert, pampasgras, en orange coprosma.



FOTO'S

Die troue is in drie plekke gehou, elk met sy eie dekor. Die onthaalgedeelte is later ingerig as dansvloer waar die stringe liggies, lanterns en kerse 'n besondere beligtingseffek geskep het. Die tema hier was 'n dramatiese "tropiese chaos" met oordadige blommeprag, 'n treffende Persiese tafeldoek, swart-en-koper geloftekerse, moderne Ghost-stoele en 'n volledige spyskaart. By die formele trou-seremonie buite was die blomme almal wit. Al die gaste het die trouinge tydens die seremonie aangeraak en geseën.





VERSKAFFERS

- Venue* Clouds Estate / www.cloudsestate.com / 021 885-1819 / info@cloudsestate.co.za
- Troubeplanner* Hannes Loubser / hloubser@gmail.com / 083 684 1413
- Hare en grimering* Yolande Du Toit / www.yolande.co.za / 082 823 5371
- Spyseniering* Zest Catering / www.zestcatering.co.za
- Verhuring* Urban Tonic / www.urbantonic.co.za / 021 713-4439
- Dekor* Okasie / www.okasie.co.za / creative@okasie.co.za / 21 887-9904
- Beligting en dansvloer* Something Different / www.something-different.co.za / 086 126 6237
- DJ* Preston Roman: On Cue Music / www.oncuemusic.co.za / 083 420 7241 / 021 511-8221 / preston@oncuemusic.co.za uithaal
- Kaartjies* Lara's Designs / www.larasdesigns.co.za / 082 681 4500
- Video* Swee / www.swee.co.za / 072 471 6243 uithaal
- Fotograaf* DNA Photographers / www.dnaphotographers.com / Desmond Louw (083 377 1826) / Antonia Heil (071 495 1103)

“ Onthou: Neem altyd mekaar in ag wanneer julle die troue beplan. Op jul troudag: Asem diep in, ervaar al daardie oorweldigende emosies. Voel daardie oomblik in jou lewe en wees deel daarvan.

FOTO'S

Blomme In die onthaallokaal het groot palmtakke, boomvaringblare, bamboesriet, helderleurige bessietakke en oranje tulpe 'n baldakyn bokant die tafel geskep vir 'n tropiese effek. In die kroeggedeelte het kleurryke dahlias, tulpe, krismisrose en aalwyne saamgesmelt met die venue se tuine. Die bruidspaar is onder 'n confetti-reën van krismisroosblare en 'n aroma van vars gemengde kruie gelukkig.

Vermaak By die drankies vooraf het 'n spotprenttekenaar tekeninge van die gaste gemaak.



Belê in 'n goeie troueplanner, veral as die onthaal ver van jou woonplek af is. Jy het dan 'n streslose tyd van begin tot einde.

